Klein Meisies,

# GROOT Drome



THINK
DIGITAL ACADEMY

# Coco Chanel



Dit is die verhaal van 'n Franse meisie genaamd Gabrielle.



Toe sy klein was, het Gabrielle in 'n weeshuis gewoon.



Die nonne het gedink Gabrielle is baie vreemd. Sy was anders en hulle het nie daarvan gehou nie. Terwyl die ander meisies gespeel het, het sy daarvan gehou om met 'n naald en gare te werk.



Toe Gabrielle groot geword het, het sy bedags naaldwerk gedoen en snags gesing. Die mense wat vir haar gekyk het, het haar 'Coco' genoem.



Toe Coco uiteindelik gaan slaap, het sy in vorms en patrone gedroom. Sy wou soveel dinge maak.



Eendag het Coco vir haar vriendin 'n hoed gemaak. Eenvoudig en elegant, dit was anders as die gewone styl. Coco het al hoe meer hoede gemaak, totdat sy genoeg gehad het om 'n hoedewinkel oop te maak.



Haar moderne ontwerpe het die mademoiselle in Parys verras.





Een aand by 'n partytjie het Coco gesien dat die ander dames nie dans nie.



Hulle korsette was te styf en hulle kon skaars asemhaal!



So, Coco het 'n splinternuwe styl geskep, eenvoudig en reguit. Haar rokke en rompe sal gemaklik wees om te dra.



By haar eerste modevertoning het sommige mense hulle neuse opgetrek. Coco se klere was te vreemd en anders vir hulle. Maar soos die tyd aangestap het, het Coco vir hulle gewys dat om stylvol te wees, hoef jy nie korsette of blink sequin te dra nie ...

… en om anders te wees, kan ander mense ook anders laat dink. Daarom onthou almal nou die jong Gabrielle as die groot ontwerper, Coco Chanel.



# Gebore 1883
# Oorlede 1971



Coco Chanel was een van die bekendste mode ontwerpers wat nog ooit geleef het. Sy is as Gabrielle Chanel in 'n liefdadigheids hospitaal gebore en het in 'n vervalle huis in 'n Franse dorp grootgeword.



Na die dood van haar ma, toe Gabrielle 11 jaar oud was, is sy na 'n streng kloosterskool gestuur, waar sy naaldwerk geleer het.



Ná skool het sy ’n naaldwerkster geword en bedags het sy vir ’n kleremaker gewerk, terwyl sy saans op die verhoog gesing het. Dit was in hierdie tyd dat sy die bynaam 'Coco' van die soldate in die gehoor gekry het.



In 1908 het sy 'n hoed maker geword en kort daarna haar eerste winkel in Parys geopen. Gou het sy meer winkels gehad en begin klere sowel as hoede verkoop. Haar eenvoudige, elegante ontwerpe – wat reguit en korter as normaal was, en vroue van korsette bevry het – het die wêreld met storm geneem.



In 1918 het Chanel 'n modehuis in 31 Rue Cambom geopen en drie jaar later het sy haar eerste parfuum onthul, Chanel No 5. Sy het 'n wêreldwye mode-ikoon geword en haar gemaklike, maklik-om-dra-styl het vroue klere vir altyd verander.




THINK
DIGITAL ACADEMY